

14 April

Skrifgedeelte: Esra 3:6-13

Fokusgedeelte: Esra 3:11-13

## Dit hang af hoe jy kyk

Twee jaar later is die fondamente van die tempel gelê. Met die feesgeleentheid hou die volk weer 'n erediens. Dit was 'n emosionele erediens. Sommige lidmate het gejuig, terwyl ander hardop gehuil het. Die rede? Die ouer en jonger mense van die volk het verskillend na die fondamente kyk. Die ouer mense het gehuil, want die tempel was maar 'n skadu van die vorige een. Hulle het ook onder die indruk verkeer van die gevolge van hulle sonde. Die jonger mense het op hulle beurt gejuig van blydschap. Dit laat 'n mens dink aan 'n wiskundige skets van Wittgenstein. Indien jy op 'n sekere manier na die skets kyk, is dit die skets van 'n eend, maar indien jy op ander manier hierna kyk, is dit die skets van 'n haas. Dit is nou wat 'n mens perspektief noem. Soms is dit vir ons moeilik om perspektief te bly behou, veral in tye van stygende rentekoerse, verminderde opbrengste op beleggings, prysverhogings, gesondheid wat agteruitgaan of moeilike lewensomstandighede.

Die uitdrukking, *dit hang af hoe jy kyk*, kry in dié gedeelte 'n ander betekenis. Tydens die erediens op daardie dag was daar groot dankbaarheid dat God so genadig is dat hulle die gebeurtenis kan beleef. Die luidkeelse vreugde het die gehuil oorheers. Die woorde van Psalm 118 en 136 is gesing: "*Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie.*" Hiermee is die gedagtes weer teruggeneem na lank gelede, na twee besondere gebeurtenisse, naamlik toe die ark teruggebring is na Jerusalem waar dit hoort (1 Kron 16:34) en ook na die sang van die volk in Salomo se tyd nadat die tempel voltooi is (2 Kron 7:3). Toe is die presiese woorde van die Psalms ook gesing.

Hier was slegs die fondasies sigbaar met die moontlikheid en die belofte van 'n tempel wat weer herbou moes word. Was die gesingery nie voortydig nie? Nee, want die volk was so diep onder die indruk van die geheim agter die projek, naamlik dat die Here aan hulle die krag en vermoë gegee het. Hy het die middele en mannekrag gegee. Hy het selfs 'n heidense koning se hart sag gemaak om ook geld voor te skiet vir die projek. Die groter mosaïek van hulle lewens het ook 'n duidelike raam, 'n dieper perspektief gehad van *My genade is vir jou genoeg!* Dit is ook die perspektief wat ons lewens verryk.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Dr FP Kruger (Meyerspark)